Dinsdag 28 April
Skrifgedeelte: Jeremia 18:1-11
Fokusgedeelte: Jeremia 18:6, 11 (AFR 33/53;AFR 1983;AFR2020)

## Draai terug na God toe en beleef die wonder van sy genade

God is in beheer van jou lewe. In Jeremia 18:6 hoor ons dat God besig is om ons te vorm net soos 'n Pottebakker klei vorm. En Hy het die reg om dit te doen, want Hy is jou Maker en Skepper. Wat 'n geweldige troos is dit om te weet dat God in beheer is!

En wanneer die ding wat die pottebakker maak, nie na sy sin is nie, dan begin hy weer. Net so is God besig in jou lewe om jou te vorm sodat jy op die uiteinde gevorm is na die beeld van Christus.

Ons is egter nie willose robotte wat deur God geprogrammeer word nie. In Jeremia 18:7-10 hoor ons dat ons dade gevolge het. God sê oordeel is daar vir hulle wat teen God draai. Daar is egter ook 'n geweldige troos in hierdie verse, want ons hoor van God se genade teenoor diegene wat hulleself bekeer. God is nie net 'n God van oordeel en verdoemenis nie. Hy is 'n God van genade.

In Jeremia 18:11 hoor ons dan ook die dringende oproep dat elkeen hom van sy verkeerde lewe moet bekeer. Maak jou lewe en dade reg. Die vraag is: "Hoe doen jy dit? Hoe moet jy jouself bekeer?" Daar is net een manier. Glo die Goeie Nuus van Jesus Christus. Glo dat Hy vir jou sondes aan 'n vervloekte kruishout gesterf het. Glo dat Hy die dood oorwin het om vir jou 'n nuwe lewe te gee. Deur opnuut weer die evangelie te glo, word jy met God versoen.

Gaan leef nou uit God se genade. Leef sy liefde wat die Heilige Gees in jou hart inplant. Beleef die wonder van die Pottebakker wat iets spesiaal van jou maak.

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*